

INLEIDING

Dogma en Dogmageskiedenis

1. Plekbepaling: dogmageskiedenis, kerkgeskiedenis en simboliek

Die dogmageskiedenis bestudeer die groei van die dogma deur die eeue. Dit wil dus antwoord gee op die vraag waar die verskeidenheid van dogmas binne die Christendom vandaan kom.

Op hierdie vraag kan die kerkgeskiedenis gedeeltelik antwoord gee, want die groei van die dogma is ten nouste verbind met die geskiedenis van die kerk. Maar die studieveld van die kerkgeskiedenis is baie wyd: dit bestudeer die groei van die kerk in sy verskillende fasette. Die leer van die kerk (d.w.s. die dogma) is maar één van die vele aspekte van die lewe van die kerk en dit spreek vanself dat die kerkgeskiedenis nie net op hierdie één faset kan konsentreer nie.

Die simboliek kan ook ten dele antwoord op die vraag waar die dogma vandaan kom. Maar die simboliek, d.w.s. die studie van die simbole of belydenisskrifte van die verskillende kerke, is meer 'n sistematiese en vergelykende studie. Die vraag na die ontstaan van die dogmas is maar 'n onderafdeling van die simboliek, want hierdie vak het ook te doen met die bou, die inhoud en die betekenis van die onderskeie kerklike simbole. Terwyl die simboliek die aandag dus hoofsaaklik sistematies rig op die inhoud en betekenis van die konfessies (belydenisskrifte), wil die dogmageskiedenis veral die oorsprong en die groei van die dogma nagaan totdat dit uitkristalliseer in die formuleringe soos deur die kerklike vergaderinge aanvaar is.

Dit is uit bogenoemde duidelik dat die dogmageskiedenis nou verbind is met beide die kerkgeskiedenis en die simboliek. Tog het dit 'n eie gesigshoek van waaruit dit die dogma bestudeer en is dit gevolglik 'n teologiese dissipline in eie reg. Hier word die moeisame weg nagespeur waartydens talle mense steentjie vir steentjie gelê het in die opbou van die dogma. Dit spoor die langsame proses na waarin die kerk telkens weer dit wat uit die Woord van God gehoor is, in eie woorde moes bely en formuleer teenoor ander meninge en strominge wat die waarheid van die Woord ontken of bedreig het.

2. Is dogmageskiedenis nodig?

Hierdie vraag hang onlosmaaklik saam met 'n vraag wat nog dieper gaan, naamlik, of die dogma self nodig is. Wanneer ons die dogma in sy ware perspektief sien, kan ons hierdie vraag net bevestigend beantwoord. Daar is egter baie mense (binne sowel as buite die kerk) wat die dogmageskiedenis as oorbodige tydverdryf sien, omdat hulle van oortuiging is dat die Christendom vry van dogma behoort te wees. Daar moet, sê hulle, teruggekeer word tot die eenvoudige Christendom van die eerste eeu – 'n Christendom wat nog geen dogma geken het nie. As hierdie ideaal van 'n Christendom bo geloofsverdeeldeheid vandag bereik kan word, sou meeste van die kwale van die Christendom verdwyn!

3. Is die dogma nodig?

Die mense wat 'n dogmavrye Christendom voorstaan, het *ernstige kritiek* teen die dogma. Hierdie stemme teen die dogma is reeds vir 'n paar eeue lank hoorbaar en kom van verskeie geestestrominge en opvattinge.

(i) *Kritiek van buite die kerk* kom veral van die kant van die Verligting en van moderne strominge.

Die Verligting (Aufklärung) van die 18de eeu was van die begin af krities ingestel teenoor die dogma. Die ideaal was 'n „Christendom bo geloofsverdeeldeheid”. Sedert die Verligting is die dogma, soos hulle dit verstaan het, nog altyd deur baie mense beskou as 'n struikelblok wat die mens weg hou van 'n lewende geloof.

Moderne ideologieë het dikwels die stryd teen die dogma 'n deel van hulle program van aksie gemaak. 'n Voorbeeld in dié verband is die *Nasionaal-Sosialisme*. In die onderhandelinge van die Nazi-staat met die kerk was dit duidelik die bedoeling om die kerk te „dekonfessionaliseer”.

Daar is sterk standpunt ingeneem teen die kerk wat uit die mode was om nog vas te hou aan die verouderde dogmas. Dieselfde tendens word by radikale voorstanders van die Swart Teologie opgemerk.

(ii) Ook *binne die kerk* word dikwels stemme gehoor dat die Christendom ondogmaties moet wees.

A. von Harnack, die groot dogmahistorikus, sien in die ontwikkeling van die dogma deur die eeue 'n proses van verval. Vir hom is die groei van die dogma net 'n bewys dat die kerk vergrieks het, d.w.s. „gehelleniseer” is. Ons moet hierdie proses waarin die Christendom homself uitverkoop het aan die Griekse filosofie, omkeer. Alleen dan, so meen *Von Harnack*, kan ons weer terugkeer tot die

ondogmatiese geloof wat die vroegste kerk gehad het en wat gerym kan word met die wese van die Christendom.

Die soeke na die historiese Jesus, wat vandag nog in sekere kringe ywerig beoefen word, kom ook met die gedagte dat dit onder andere 'n oplossing bied vir die probleem van die dogma. Ons moet terug na wat die Bybel sê: ja, ons mag niks méér sê as wat Jesus self gesê het nie. „Where Christology is concerned nothing may be said of Jesus which does not have its ground in the historical Jesus himself and does not confine itself to saying who the historical Jesus was” (G. Ebeling).

In Rooms-Katolieke kringe is daar ook dikwels kritiek teen die dogmas en baie Rooms-Katolieke het geen begeerte na nuwe dogmas nie.

(iii) Algemeen gesproke is daar waarskynlik *drie* belangrike redes waarom die geroep na 'n Christendom sonder dogma altyd weer gehoor word.

Ten eerste is daar die populêre opvatting dat 'n mens 'n goeie toegewyde Christen kan wees sonder om in spesifieke dogmas te glo. Hierdie gedagte is sedert die dae van die radikale *Piëtisme* telkens weer gehoor en is ook in *Metodistiese kringe* nie onbekend nie. Moontlik was *Leo Tolstoy* die duidelikste verteenwoordiger van dié rigting. Die ideaal was: die reformasie van die Christendom op die model van die bergrede. In ons eeu het *Albert Schweizer* 'n lewende voorbeeld gestel van so 'n Christendom van praktiese dade sonder geloof in bepaalde dogmas. Ons *eie tyd* het ook 'n afkeer van blote woorde, sinlose lippediens, sonder dat die hele persoon by die saak betrokke is. Die aksent lê vandag nie op woorde nie maar op dade (aktiwisme). Die vraag is nie of 'n ding *waar* is nie, maar of hy *werk*. In die werking lê die waarheid (pragmatisme).

Ons het hier met die dilemma van „leer of lewe” te doen. Die spanning tussen 'n geloof in dogmas en 'n Christendom van dade lei tot die eis vir 'n „dogmalose” Christendom.

Tog merk *Lohse* tereg op: „No theologian or leader of the church should underrate the earnestness and the dedication which stand behind this kind of Christianity” (p. 2). Dink maar aan die geweldige werk van *Albert Schweizer* in Lambarene!

Ten tweede: die opkoms van die historiese denke. Die historiese denke bring die insig dat die dogmas uit 'n bepaalde situasie gegroei het. Hierdie historiese situasie was uniek en onherhaalbaar. Gevolglik is sulke dogmas *histories kontingent* (toevallig) soos alle ander dinge in die wêreld. Hierdie insig het nie buite nie maar binne die kerk ontstaan. *Luther* het reeds die eerste stap in die rigting gegee.

Hoewel hy die basiese dogmas van die ou kerk ten volle erken het, het hy tog volgehou dat ons dié dogmas moet verstaan binne die konteks van die tyd waarin hulle ontstaan het.

Ook *Calvyn* het 'n diep insig in die historiese agtergrond van die groei van die dogma in die kerk gehad. In sy polemië met die Rooms-Katolieke geleerde, *Albertus Pighius*, toon hy aan waarom die Kerkvaders as kinders van hulle tyd, kwalik iets anders as moraliste kon wees. Hy toon ook aan dat daar in die denke van *Augustinus* 'n groei en verdieping plaasgevind het en dat dié Kerkvader in sy latere en rypere stadium beslis Bybelse insigte gehad het waarop die Hervormers hulle met goeie rede kon beroep.

Hierdie *erkenning* van die historiese aspek van dinge word egter met die Verligting en die opkoms van die historiese denke die afdoende *verklaring* van die dinge. Dis opmerklik dat die eerste dogmageskiedenis juis in hierdie tyd geskryf is. Dit beteken dus dat van die begin af die dogmageskiedenis eintlik deur kritici van die dogma geskryf is (vgl. *W. Münscher se Handbuch der Christlichen Dogmengeschichte, 1797-1809*).

Die kern van hierdie nuwe insig was: dogmas is historiese dinge, toevallig en daarom nie bindend vir latere tye nie. Die konsekwente historiese denke *relativeer* dus die dogmas.

'n *Derde rede* waarom daar afwysend gestaan word teenoor dogmas is die insig dat dogmas nie goed vergelyk met die Bybel nie. Dit was die Skrifbeginsel van die Reformasie wat die mense geleer het om die onderskeid tussen die stelling van die Bybel en dié van die dogma raak te sien. Die Hervorming het tog duidelik die *sola scriptura* uitgespreek. As 'n mens egter hierdie beginsel van die Reformasie eensydig beklemtoon, kan jy in die rigting van die *biblisisme* („net die Bybel en niks meer nie”) beweeg.

Dan word die verskille tussen die Bybelse uitsprake en dogma-uitsprake teen mekaar afgespeel. So word dan op die volgende verskille gewys:

Die Bybel praat in persoonlike kategorieë, terwyl die dogma ontologiese begrippe gebruik; in die Bybel word die hele mens gekonfronteer met die evangelie, terwyl dogmas 'n poging is om die natuur van God of van Christus te definieer; die Bybel maak ons bewus van die mag van die sonde en roep op tot bekering, terwyl die dogma hierdie konkrete en direkte oproep verander in 'n objektiewe, afgeleë, suiwere leer; die Bybel is dus gerig op die subjektiewe, die dogma op die objektiewe. Juis hierdie tipiese Bybelse manier van praat (direk, eksistensiël) moet, so sê hulle, lei tot die eis van 'n dogma-vrye Christendom.

Dit is moeilik om hierdie drie groepe argumente ten gunste van 'n dogmavrye Christendom te weerlê. Onder geen omstandighede mag ons maak asof die argumente nie bestaan, en ons net blindelings aan die dogma moet vashou nie. Dis tradisionalisme en konfessionalisme (verabsoluttering van die tradisie en van die dogma). Die kern van die probleem is *of die dogma reg gesien word*. Is „dogma” werklik dit wat hierdie kritici sê dit is, of is dogma iets anders?

4. Wat is dogma?

Dit lyk maklik om hierdie vraag te beantwoord maar dit is nie maklik nie. Hiervoor is daar twee redes: (i) daar is baie verskillende opvattinge oor wat dogma is, en (ii) hierdie verskille oor wat dogma beteken, hang nie net saam met verskillende kerke nie (die Rooms-Katolieke sien dogma anders as die Protestante) maar dit wissel ook met die verloop van tyd. So het die Konsilie van Nicea (325) 'n ander opvatting gehad van wat dogma is as die Roomse Kerk in die Middeleeue.

4.1 'n Populêre opvatting

Daar is 'n algemeen aanvaarde opvatting dat dogmas eintlik niks anders is as gesagvolle (onfeilbare) leerstellige formuleringe („doctrinal propositions”) nie, min of meer op dieselfde manier as wat bepaalde filosofiese strominge hulle leerstellinge formuleer. Dis die opvatting van die Rooms-Katolieke Kerk maar ook van die ouer Protestantse dogmahistorici.

A. Deneffe gee die volgende algemeen aanvaarde definisie in Roomse kringe: „Dogma est veritas a Deo formaliter revelata et ab Ecclesia sive solemniter sive ordinarie definita.” Letterlik: 'n dogma is 'n waarheid deur God formeel geopenbaar en deur die kerk of plegtig of gewoonweg gedefinieer. Die woord „plegtig” (*solemniter*) sien op 'n formulering van 'n dogma deur 'n konsilie of deur 'n *ex cathedra*-uitspraak van die Pous. „Gewoon” sien op die feit dat 'n dogma deur die gewoonte en algemene gebruik in die kerk gesanksioneer word. Tereg gee *Lohse* die volgende verduideliking van hierdie kort definisie: „Freely translated this means that a dogma is a truth which, as far as its objective content is concerned, is revealed by God and defined by the church, either through a conciliar decree, or an *ex cathedra* decision of the pope, or by the mere fact that it is generally taught in the church” (p. 5).

Ons het gesê dat hierdie opvatting van wat 'n dogma is, populêr en algemeen is. Dit kom dan ook nie net in Roomse geleedere voor nie maar (effens verswak) ook by baie Protestante. Bekende skrywers van die dogmageskiedenis uit die vorige eeu en die begin van hierdie eeu, het die dogma op dieselfde manier gedefinieer. So skryf *Von Harnack* byvoorbeeld: „The dogma of the church are the doctrines of the Christian faith logically formulated and expressed for scientific and apologetic purposes; these doctrines include the knowledge of God, of the world, and of the redemption . . . and represent the objective content of religion. They are regarded in the Christian churches as the truths contained in the Holy Scriptures (or in the tradition) and comprising the *depositum fidei*, the acknowledgment of these truths being the precondition of the blessedness held in prospect by religion” (aanhaling by *Lohse*, a.w., p. 5). Die ander twee beroemde skrywers van die geskiedenis van die dogma, naamlik *Loofs* en *Seeberg*, verskil nie basies van die opvatting van *Von Harnack* nie.

4.2 *Moderne tendense*

Barth het die spesifieke dogmas meestal as problematies gesien maar hulle wel gewaardeer as pogings om die waarheid van die openbaring tot uitdrukking te bring. By *Barth* het die „onfeilbare” karakter van die dogmas totaal weggeval. Daarmee is egter ook hulle gesag gerelativeer sodat baie Nederlanders (vgl. *Wiersinga* en *Kuitert*) die dogmas kritiseer en wil weggooi.

Köhler en *Werner*, wie se boeke oor die geskiedenis van die dogma in die vyftigerjare (1951 en 1957 resp.) verskyn het, het heeltemal gebreek met die opvatting van *Von Harnack* en sy tydgenote. Albei hierdie skrywers sien die dogma „simply as the prevailing expression of the faith of the Christian community with reference to the content of the Christian revelation” (*Lohse*, p. 6). Volgens hulle is dit nie belangrik of die dogma officieel geformuleer is en kerklike erkenning gekry het nie. Wat wel belangrik is, is die Christelike selfbewussyn. *Köhler* se boek dra dan ook die titel *The History of Dogma as the History of Christian Self-Consciousness*. Hierdie siening kom veel nader aan die gedagte dat die dogma 'n belydenis is wat persoonlik is, uit die hart van die gelowige kom. Tog neig hulle, miskien uit 'n reaksie teen die „objektiewe” siening (*Harnack*), na die ander uiterste, naamlik om die dogma te subjektief te sien. Die maatstaf vir die dogma kan nie (soos hulle meen) in die Christelike selfbewussyn lê nie.

4.3 Die begrip „dogma” verander deur die eeue

Die eintlike probleem om die aard van die dogma te formuleer, lê daarin dat die begrip „dogma” self in die loop van die tyd verander het en dus histories bepaal is. Die Rooms-Katolieke opvatting (wat baie Protestante ook het) van wat ’n dogma is, was nie gangbaar in die eerste eeue van die kerk nie. Ons kan dit nog sterker sê: die huidige (Rooms-Katolieke) opvatting was destyds onbekend.

Die eerste dogma, naamlik die formulering van die konsilie van Nicea (325) dat die Seun van een en dieselfde wese as die Vader is, was veel eerder bedoel as ’n *geloofsbelydenis* en nie as ’n onfeilbare formulering nie. Sekerlik het hierdie konfessie ’n geweldige aanspraak op *gesag* gemaak, maar dit was nie ’n objektiewe formulering wat met allerlei filosofiese en regsterme as „onfeilbaar” bestempel is nie.

Basilius die Grote het omstreeks die middel van die vierde eeue (± 350) vir die eerste keer die onderskeiding tussen *kerugma* en *dogma* gemaak. *Dogma* was dan vir hom geformuleerde geloofswaarhede („propositions of faith”). Dit het nog heelwat tyd geneem voordat die konsilies hierdie onderskeid begin oorneem het. Die *didaktiese aspek* van die dogma is vir die eerste keer beklemtoon deur die konsilie van Chalcedon (451): „We teach that one should confess...”

Die erkenning van die dogmas in die *imperiale reg* van Rome het deels daartoe bygedra dat dogmas ’n onfeilbare karakter gekry het. As die Wet iets erken of voorskryf, dan word dit verpligtend; die erkenning word afgedwing.

Eers in die *Middeleeue* het die Roomse Kerk die leer van die *depositum fidei* ontwikkel. Dit is die opvatting dat aan die kerk ’n bepaalde skat van waarhede toevertrou is, waarvan geeneen verloor mag word nie. Hierdie skat kan wel ontwikkel en vergroot word in dié sin dat hierdie waarhede verder en uitvoeriger verduidelik kan word. Die volle konsekwensie van hierdie leer is deur die moderne Katolisisme getrek, naamlik dat die kerk se dogmas onfeilbaar is. Só het die konsilie van Trente (1546–64) en die eerste Vatikaanse konsilie (1870) dit uitdruklik gesê.

Die Protestantisme het die dogmas nooit as onfeilbare geloofstellinge gesien nie. *Luther* en die ander Hervormers het geredelik die gesag en die besluite van die konsilies van die ou kerk erken, nie omdat die Roomse kerkreg of die leer van die *depositum fidei* dit eis nie, maar omdat hierdie besluite inhoudelik ooreenkomstig die Skrif was en ’n verskansing teen bepaalde ketterye was. Hulle het hierdie besluite van die vroeë konsilies verstaan as belydenisse

en so weer aangesluit by die opvatting van die ou kerk. Die „dogmas” van die Reformasie word *konfessies* genoem.

4.4 *Wat is dogma dan?*

Ons sluit aan by die opvatting van die ou kerk en die Reformasie: 'n dogma is in wese 'n belydenis. Wanneer die dogma egter gesien word as 'n abstrakte, objektiewe formulering van geloofswaarhede (vgl. Rome en *Von Harnack*), word dit uiters moeilik om te antwoord op die vraag wanneer dogmavorming begin het. 'n Mens moet dan die begin van die geskiedenis van die dogma êrens in die Middeleeue soek. As ons egter dogmas as konfessies (belydenisse) sien, dan word die vraag na die begin van die dogma en die verdere ontwikkeling van die dogma makliker en bevredigend beantwoord. Dan kan ons teruggaan tot die eerste belydenis in die Nuwe Testament, naamlik die *belydenis van Petrus*: „U is die Christus, die Seun van die lewende God” (Matt. 16:15).

Sedert hierdie belydenis van Petrus was die kerk nooit sonder 'n belydenis nie. Daar was nooit 'n tyd waarin die Christene nie die taak gehad het om hulle geloof in die een of ander konfessie uit te druk nie.

Die kerk het egter nie bly staan by hierdie kort en eenvoudige belydenis van Petrus nie. Daar was verskeie redes waarom die belydenis verder uitgebrei is.

5. Redes vir die groei en uitbreiding van die konfessie

Die *eerste* en belangrikste rede vir die uitbreiding van die belydenis en ook vir die aanvanklike ontwikkeling van die dogma is die feit dat die eerste Christene *Jesus* na sy opstanding *begin aanbid het* as die verhoogde Here. Dat die eerste Christene van die begin af *Jesus* aanbid het, sien ons in die *Maranatha* van 1 Kor. 16:22 en in die gebed van Paulus in 2 Kor. 12:8. Verskeie ander tekste wys hierop (vgl. Hand. 9:14; Rom. 10:12-14; 1 Kor. 1:2). Gebede kan net aan God gerig word. As *Jesus* aanbid word, kom die vraag omtrent die verhouding van die verhoogde Here tot God noodwendig na vore. Daarom kan ons sê dat die begin van die ontwikkeling van die Triniteitsdogma en van die Christologie teruggaan tot die vroegste kerk. Dit het egter 'n lang tyd geneem voordat die dogmas noukeurig geformuleer is.

Tweedens was daar volop geleentheid om jou geloof te bely. Belydenis het van vroeg af plaasgevind by die doop (vgl. die belydenis by die doop in Rome). Die Nagmaalsviering was ook 'n ge-

leentheid om jou geloof te bely, so ook in die kontak met heidene wat deur die sendingwerk van die kerk ontstaan het.

Ten derde: *opposisie* teen die Christelike geloof het dikwels gelei tot die ontstaan van nuwe konfessies of tot die uitbreiding van bestaande geloofsuitsprake (belydenisse) – vergelyk die groei van die Twaalf Artikels.

Die invloed van die *filosofie* het ook bygedra tot die verdere uitbreiding van die belydenis. Dit is immers so dat die filosofie later algaande 'n belangriker rol gespeel het in die ontwikkeling van die dogma en veral in die interpretasie van die dogma. Bepaalde leerstellige probleme is al hoe meer verduidelik en verklaar met die hulp van filosofiese begrippe.

Ten slotte het dogmas ook op sommige tye in die geskiedenis die neiging tot selfuitbreiding gehad, wanneer nuwe vrae beantwoord is na analogie van soortgelyke probleme wat vroeër al opgelos is.

6. Die kontinuïteit van die dogmageskiedenis

6.1 *Kontinuïteit vanuit die gesigspunt van dogmas as konfessie – ook ontwikkelde dogmas bly in wese konfessies*

Vanweë bogenoemde redes is dit waar dat die dogma of leerstellige konfessies soms ver wegbeweeg het van hulle elementêre begin in die Nuwe Testament. Tog bly dit waar dat die Christelike geloof nooit kon ophou om konfessies te skep nie, want geloof wil en moet bely word. Daarom is belydenis wesenlik 'n deel van die geloof. Hierdie fundamentele beginsel kan in die lig van die Nuwe Testament nie ontken word nie. Daarom sê *Melanchthon* in sy *Apologie* tereg: „No faith is firm that does not show itself in confession.”

Natuurlik kan die belydenis soms lei tot 'n veruitwendiging en 'n formalisering van die geloof, en dit het ook soms gebeur. Dit neem egter nie die feit weg nie „that faith without confession, is continually in danger of no longer knowing what it really believes, and therefore of falling to the level of mere religiosity” (*Lohse*, a.w., p. 10). Die kontinuïteit in die ontwikkeling van die dogmageskiedenis word dus duidelik as ons die begin van die dogmavorming in die Nuwe Testament vergelyk met die latere ontwikkeling van kerklike konfessies – dogma het in wese konfessie, belydenis gebly.

6.2 *Die kontinuïteit gesien vanuit die ontwikkeling van die dogmageskiedenis self*

Wanneer ons die groei van die geskiedenis van die dogma vanaf sy begin tot vandag oorsien, dan sien ons duidelik 'n ononderbroke

(kontinue) ontwikkelingslyn. Dogmas is nie maar 'n klomp losstaande leerstukke nie, maar hulle hang saam. Die een dogma het as 't ware met 'n innerlike logika in 'n bepaalde tyd organies uit die vorige dogma(s) ontwikkel en op sy beurt die pad weer vorentoe aangedui.

Ons eeu staan in 'n groot mate skepties teenoor die kontinuïteit van die dogma. Die rede hiervoor lê in die eensydige oorbeklemtoning van die kontinuïteit in die negentiende eeu. Dit was veral *F. C. Baur*, stigter van die Tübinger-skool, wat met behulp van *Hegel* se geskiedenisfilosofie hierdie eensydige aksente gelê het. Volgens hom is die geskiedenis van die dogma 'n voortdurende interaksie van die Gees met homself. Deur tese, antitese en sintese word die Gees bewus van homself en openbaar dit sy ware wese. Dit beteken dat al die elemente wat in die vroegste Christendom in kiem teenwoordig was, gaandeweg in die geskiedenis bewustelik geformuleer is.

Hierdie groot eenheidsvisie oor die geskiedenis is wel imponerend; tog is dit te eensydig en te simplisties. Die baie redes en verskillende motiewe wat meegehelp het tot die vorming van die dogma word deur *Baur* nie raakgesien nie.

Vandag kry ons die teenoorgestelde uiterste, naamlik om die verskillende dogmas te sien as blote tekens wat heenwys na die ware „dogma” (*Barth*). Die dogmas word as losstaande leerstukke gesien.

Die objektiewe waarnemer kan tog 'n kontinue lyn in die groei van die dogma deur die geskiedenis sien, sonder om Hegeliaans te dink. Dit was nie toevallig dat die eerste dogma wat die kerk geformuleer het, oor die Triniteit gehandel het en dat die Christologie daarna aan die orde gekom het nie (vgl. Chalcedon se formulering van die twee nature van Christus). Ons het reeds gesien dat die begin van hierdie dogmas in die Nuwe Testament lê, waar die vroegste kerk Jesus aanbid het. Dit was ook nie toevallig dat omstreeks dieselfde tyd waarin die leer oor Christus beslag gekry het, juis die leer oor sonde en genade in die Westerse kerk uiteengesit is nie. In die Middeleeue kom die leer oor die sakramente aan die orde, terwyl die vraag na die toe-eiening van die heil in die Reformasie die sentrale probleem was. Dit het gelei tot die versplintering van die kerk sodat Katoliek en Protestant elkeen sy eie antwoord op hierdie probleem gegee het.

Vandag kom die vraag na die eenheid van die kerk al meer na vore, sodat die volgende stap in die ontwikkeling van die dogma dalk in hierdie rigting sal lê.

So is in elke tyd die aandag op 'n bepaalde aspek van die leer

(Triniteit, sakramente, ens.) gevestig, maar tog só dat die aandag eintlik logies van die een dogma na die ander beweeg. Let egter op die belangrike opmerking wat *Lohse* in dié verband maak. „At no time were the questions that called for dogmatic clarification questions of minor importance. All dogmas, on the contrary, have to do with central problems which are of fundamental importance, both for the selfunderstanding of faith and for the content of faith. Dogmas and confessions, therefore, are a kind of catechism of the most important Christian truths” (p. 11).

Ons mag dus nie die geskiedenis van die dogma oplos in 'n reeks konfessies wat gesien word as geïsoleerde handeling van die kerk nie.

7. Die gesag van die dogma

Wanneer ons dink aan die kontinuïteit van die dogmageskiedenis, lei dit onvermydelik tot die vraag na die gesag van die dogma. Bloot vanuit 'n historiese gesigspunt gesien, is dit duidelik dat dogmas gesag gehad het in die tyd waarin elkeen ontstaan het, en vandag nog gesag het. Die dogmas of konfessies wat van tyd tot tyd geformuleer is, het 'n besondere rol in die geskiedenis van die kerk gespeel. Hierdie rol mag nie verwar word met die veel geringer invloed van die opvattinge van individuele teoloë nie. Dis immers die kerk wat dogmas formuleer en nie teoloë nie.

Die Katolieke en ook die meeste Protestantse kerke is egter daarvan oortuig dat *dogmas veel méér gesag het* as blote „historiese gesag”, dit wil sê dat bepaalde dogmas in bepaalde tye groot betekenis en gesag gehad het. Die Rooms-Katolieke opvatting dat dogmas *onfeilbaar* geformuleerde waarhede is, is bekend. Onfeilbaar in die sin „that a defined dogma is without error with regard to its objective content”. Origenis is daar binne Roomse geleedere nogal verskil oor die omvang en grense van die onfeilbaarheid.

Volgens die Protestantse tradisie behoort die leerstellige besluite van die kerk tot menslike arbeid. Daarom kan dogmas se dogmatiese geldigheid en gesag nooit op grond van suiwer formele kriteria uitgemaak word nie. Dogmas moet beoordeel word op grond van die inhoud waarvan hulle getuie is en wat in die dogmas bely word. Dit beteken dus dat dogmas *onderworpe is aan die Heilige Skrif* en in die lig van die Skrif getoets, beoordeel en geïnterpreteer moet word.

Aan die ander kant is dit ook waar dat die konfessies bedoel om 'n leidraad te wees tot die regte verstaan van die Bybel. Hulle

waarsku teen valse opvattinge en gee die sentrale Bybelse boodskap weer.

Luther het gesê dat die konsilie onder Christus se gesag staan en dat hulle alleen besluite moet neem wanneer die geloof bedreig word. Tog het hy aanvaar dat sodanige besluite beslis gesag dra omdat hulle ooreenkom met die Skrif. Hy sê dit baie duidelik in sy *Oor die Bieg*: „At a number of councils articles of faith were elucidated by Scripture, as happened at Nicaea, and some things were laid down, drawn out of Scripture and based on Scripture. To hold to these is the same as holding to the Word of God.”

Ons moet gedurig in gedagte hou dat dogmas in wese konfessies is. Dan sal ons begryp dat die mens wat bely, hom met sy konfessie *identifiseer* en dat hy dus *staan of val by sy belydenis van Jesus Christus*. Ook hier sien ons weer dat daar nie blote objektiewe en formele maatstawwe kan wees om die geldigheid van die dogma te bepaal nie. Die ooreenkoms met die Skrif is daar, maar ten slotte is dit die Gees wat jou oë vir die waarheid moet open sodat jy dit omhels en Christus kan bely. Ons kan dus nie dogma of konfessie verstaan as ons nie ook hierdie persoonlike betrokkenheid van die persoon wat bely, in ag neem nie.

Ons kan derhalwe nie die verskillende dogmas sien as bloot boustone in die omvattende sisteem van die leer nie. Treffend sê *Lohse*: „ . . . the function of dogma is the continuing actualization of the confession of Jesus Christ in the face of the problems of a given day” (p. 15). Daarom moet ons oop oë hê vir die historiese situasie waarin ’n dogma ontstaan het, en ons moet vra: het hierdie dogmas gedien as ’n geldige belydenis in hulle tyd? Was die onderskeiding tussen ortodoksie en kettery wat die dogmas aangedui het, ’n geldige onderskeiding of was dit ’n valse stelling van die probleem wat geen geldige alternatiewe aangedui het nie?

Die kerk was altyd daarvan oortuig dat dogmatiese beslissinge nie in eie krag geneem word nie, maar onder die *leiding van die Heilige Gees*. Daar is natuurlik geen formele voorwaardes wat die hulp van die Gees waarborg nie. Selfs eerbiedwaardige konsilies kan dwaal, en het ook in die verlede gedwaal – en soms om erger redes as net blote „menslike swakheid”. Tog sal geen Christen twyfel dat ten minste sommige dogmas onder leiding van die Gees geneem is nie, naamlik dié dogmas wat ooreenstem met die Woord. Die Gees lei tog immers die kerk in die Waarheid en die Woord is die Waarheid.

Daarom is elke poging om die gesag van die dogmas ten volle te relativeer om op dié manier ’n „Christendom sonder dogma” voor

te staan, niks anders as 'n ontkenning van die werk van die Heilige Gees in die geskiedenis van die kerk nie. Dan verloor die kontinuïteit van die dogmageskiedenis sy betekenis. Die kontinuïteit van die dogmageskiedenis rus in die kontinuïteit van die kerk, aan wie God die leiding van die Heilige Gees beloof het (vgl. *H. Kat.*, Sondag 21).

„An insight which the Christian church has gained, in human weakness and in historically contingent form to be sure, but yet with the help of the Holy Spirit, may and must not simply be discarded as rubbish; nor is it right to make the measure of temporary relevance the measure of dogma. Certain confessions of the past may suddenly regain an entirely unexpected relevance” (*Lohse*, a.w., p. 15).

8. Die interpretasie van die dogma

Ten spyte van bogenoemde oorwegings bly die verskil tussen die Rooms-Katolieke beskouing en die Protestantse beskouing tog groot. Die evangeliese opvatting van die dogma maak die stelling dat hulle onfeilbaar sou wees, onmoontlik. Bowendien sien die Protestantisme nie dogmas as 'n skat van waarhede, as 'n *depositum fidei* waarby telkens net nuwe waarhede bygevoeg kan word nie. Die gedagte dat iets nuuts (bv. 'n nuwe dogma) maar net bygevoeg word by vroeëre konfessies, is histories onhoudbaar. „What is involved is not merely a supplementing of old truths but a repeated reconsideration of the whole of Christian truth” (*Lohse*, p. 17). So is byvoorbeeld in die sestiende eeu nie net oor die toe-eiening van die heil, dit wil sê oor die regverdiging gehandel nie, maar vanuit hierdie gesigspunt het die hele Christelike geloof en leer weer ter sprake gekom.

Tereg sê *Lohse* dan: „It is not enough, therefore, to insist upon the continuity of the history of dogma; it must also be emphasized that in every epoch the totality of the Christian confession again hangs in the balance. Progress in the history of dogma does not mean simply that the treasury of Christian insight grows; it means, rather, that in every new day and in every new situation everything that was inherited must be won anew” (a.w., p. 17).

Dit impliseer dat, as die kerk waarlik die konfessies van die verlede sy eie wil maak, daardie dogmas geïnterpreteer moet word. Dit is byvoorbeeld moontlik om jou ten volle in te werk in die vroeë probleme van die vierde eeu, en om eerlik saam met *Athanasius* kant te kies teen die ketterij van *Arius*, sonder om daardeur werklik uit te haal wat jou vandag kan verryk en baat. Dogmas moet geïnterpreteer en sodoende vir die hede lewend gemaak word. Die taak van die

dogmahistorikus is om na te speur hoe die konfessies (dogmas) in die verlede ontstaan het en om te bepaal hoe, en in watter sin, hierdie dogmas in die tyd van hulle ontstaan hulle funksie vervul het om na Christus te wys, en wat hulle betekenis vir vandag is. Die taak van die dogmahistorikus is dus nie om, soos *Von Harnack* en andere gedoen het, die dogma te kritiseer en eintlik te vernietig nie.

9. Kan daar nuwe dogmas geformuleer word?

Die *Rooms-Katolieke Kerk* se antwoord op hierdie vraag is: ja. Sedert die sestiende eeu is drie nuwe dogmas geformuleer: die dogmas van die onbevleete ontvangenis van Maria en van die onfeilbaarheid van die pous (19de eeu) en die dogma van die hemelvaart van Maria in ons eeu. Dit kan ook in die toekoms gebeur. Tog is daar stemme binne die Roomse Kerk wat waarsku teen verdere en al te gemaklike dogmatiese formulering.

Die *Oosters-Ortodokse Kerk* beantwoord hierdie vraag negatief. Dit hang saam met hulle siening van die gesag van die konsilies. Konsilies, sê hulle, het alleen bindende gesag as hulle werklik ekumenies is. Sedert die skeiding tussen die Oosterse en Westerse (Roomse) kerke in 1054 was daar nog nie weer 'n werklik ekumeniese konsilie nie. Daarom beskou hulle die besluit van die konsilie van Nicea in 787 as die laaste dogma wat geformuleer is.

Die *Protestantse kerke* kan die vraag in beginsel positief beantwoord. Natuurlik ken die Protestante nie 'n „dogma” in die Roomse sin as 'n onfeilbare geformuleerde geloofswaarheid nie, maar sien die dogmas as belydenisse. In dié sin is dit prinsipieel moontlik dat die kerk ook in die toekoms, in gegewe situasies, nuwe belydenisse kan formuleer, soos in die sestiende eeu gebeur het. Tog het daar sedert die Reformasie nog geen werklike nuwe konfessie ontstaan nie.

Die *Anglikaanse Kerk* het in die praktyk feitlik al 'n nuwe konfessie gekry. Die begrip van die apostoliese suksessie speel naamlik vandag 'n baie belangrike rol in dié kerk. Die afgelope 140 jaar het die kerk al meer begin neig in hierdie rigting. Hoewel die konfessies van die Anglikane, naamlik die *Thirty-nine Articles* en die *Book of Common Prayer*, niks oor die apostoliese suksessie sê nie, het dit vandag prakties 'n konfessie geword. Dit is egter nog nooit geformuleer en uitdruklik as konfessie aanvaar nie.

In die *Duitse kerke* het tydens die Hitler-bewind die *Barmen-verklaring* ontstaan (1934). Die vraag of hierdie verklaring werklik 'n konfessie is of nie het aanleiding gegee tot 'n lewendige debat. Dit

is sekerlik nog nie 'n uitgemaakte saak nie. *Lohse* beskou hierdie verklaring wel as 'n konfessie en wys op die volgende:

(i) dat die Duitse Protestantisme vir die eerste keer sedert die Reformasie hulle taak duidelik gesien het om opnuut die geloof te bely teenoor die bedreiging van die Nasionaal-Sosialisme, en hulle het hierdie taak uitgevoer op so 'n manier dat dit bindend is vir vandag;

(ii) die argument van die konfessionaliste (d.i. mense wat wil volstaan met die konfessies van die verlede en hulle verabsoluteer) dat die bestaande konfessies van die ou kerk en van die Reformasie voldoende was om die kettery van die „Duitse Christene” af te weer, gaan nie op nie; die Nasionaal-Sosialisme het immers 'n nuwe situasie na vore gebring met dogmatiese implikasies;

(iii) die bedreiging van die Nasionaal-Sosialisme het, vanuit daardie bepaalde hoek, die hele Christelike geloof in gevaar gestel; die hart van die evangelie, dit wil sê die hele Christelike geloof, moes opnuut in daardie omstandighede bely word.

In die Protestantse kerke het daar die afgelope aantal jare heelwat opinies, „verklarings”, „getuienisse” en deklarasies die lig gesien. Geeneen van hulle dra egter die karakter van 'n nuwe belydenis nie. In die *Geref. Kerke in Nederland* is op die oomblik 'n „voorlopige belydenis” of belydenisproef in omloop, opgestel deur *Berkouwer* en *Ridderbos*. Of dit 'n werklike belydenis gaan word wat deur die kerke aanvaar word, sal die toekoms leer.

Ons word gedurig deur die ontwikkeling van die wêreld gedwing om standpunt in te neem, om rekenskap te gee, soms om verklarings te doen. Dit is egter nog nie nuwe belydenisse nie. 'n Belydenis formuleer die geloof op 'n nuwe bindende manier, met die oog op 'n gegewe situasie of bedreiging, maar tog so dat die waarheid van die Woord opnuut bely en uitgespreek word en so 'n belydenis daarom meer as net tydelike betekenis het.

„The church is not given such a confession every year, often not even in every generation or every century. Nor is this really necessary” (*Lohse*, a.w., p. 22). Maar as tye sodanig is dat die geloof weer op 'n akute wyse bedreig word, dan kan die kerk geroep word om opnuut teen die gevare en dwalinge in die geloof te bely en te formuleer en sodoende opnuut antwoord te gee op die vraag van die Here: „Wie sê julle, is Ek?”